DIE MOEITE WERD

Freek (42) en Lida (37) Smith, 'n elektriese ingenieur en laerskoolonderwyseres van die Delmas-omgewing, is sewe jaar getroud. Hul romanse het in moeilike omstandighede begin. Kort ná hulle mekaar leer ken het, is Freek se ma op die familieplaas vermoor. "Ons maanskyn-en-rosefase is daardeur kortgeknip."

Freek wou aanvanklik niks van die Horse Sense-huweliksverrykingwerkwinkel weet nie: "Ek en Lida is albei van kleins af tuis met perde, maar ons het glad nie ernstige huweliksprobleme nie."

"Ja, mans dink mos as hulle niks doen nie, doen hulle niks verkeerd nie," sê Lida ondeund. "Oor die algemeen gesels ons mans nie graag oor diep goed nie," sê Freek. "Maar die werkwinkel het my verras. Dit was informeel, en die werk met die perde was stimulerend. Mettertyd het almal in die groep ontdooi. En die lekkerste was die vyfster-piekniekmandjie wat ons twee langs die rivier kon verorber!"

Lida glo dis belangrik om soms tot stilstand te kom en jou verhouding te bekyk. "Veral as jy 'n woelwater van 'n jaar oud het, soos ons Frekie. By die werkwinkel het ek weer besef hoe ek en Freek as 'n span moet saamwerk, terwyl ek van nature geneig is om oor te neem. My voorkeur vir tuinwerk bo huishou het ook kop uitgesteek. "

Klein dingetjies wat na vore gekom het, het sedertdien 'n groot verskil gemaak, byvoorbeeld Lida se erkenning dat sy gefrustreerd voel oor sy so selde perdry en Freek se behoefte dat sy vir hom broodjies inpak vir werk. "Jy kom uit met goed wat jy normaalweg sou verswyg om konflik te voorkom," sê Freek.

Medewerkwinkelgangers se ervaring het 'n groot indruk op hulle gemaak, "soos die ouer man wat vroeër drie jaar lank werkloos was en bewoë geraak het oor die manier waarop sy vrou hom bygestaan het, of die ma wat vergeefs agter 'n perd aangehardloop en agterna gesê het dit weerspieël haar werklikheid foutloos".

Carlette en Natalie is albei deur egskeidings, wat hulle 'n deurleefdheid gee, sê Lida. "En hulle beskou dié werk as 'n roeping. Hulle doen dit met hart en siel."

skoothondjie optree, het ek besef hoe ondoeltreffend dit kan wees om op jou voorkennis van 'n situasie terug te val. Dit het my oë oopgemaak vir my gewoonte om mense op grond van vorige ervarings te benader, en nie in ag te neem dat die betrokkene dalk 'n slegte dag beleef, of dat iets in die verhouding kon verander het nie.

Natalie en Carlette se skerp waarnemingsvermoë, bedagsaamheid en takt het deurgaans 'n veilige emosionele ruimte geskep.

Tydens die bespreking- en integrasiesessie het ek agtergekom dat die verskillende deelnemers uiteenlopende insigte gekry het. "Al doen jy die kursus twaalf keer, sal jy elke keer iets anders huis toe neem," sê Carlette.

Vir my was die kosbaarste die wete dat ek 'n paar uur tussen perde oorleef en dit selfs geniet het. Die tydjie wat ek bly koester, was toe Spartacus by my kom staan en my "gevra" het om hom te vryf. Ek dink ek en hy weet albei wie die aandag die meeste geniet het ... ❁

Meer inligting by Carlette 082 855 3298, carlette@horse-sense.co.za, Natalie 083 445 1007, natalie@horse-sense.co.za of www.horse-sense.co.za

Meer oor die lieflike Kloofzicht Lodge by www.kloofzicht.co.za

WAT DINK JY?

Perdekrag vir die hart? **Laat jou stem tel en besoek vandeesmaand ons webblad www.rooirose.co.za en antwoord sommer so vinnig-vinnig ja of nee op die volgende vraag: Sal jy by perde insig gaan soek om jou verhoudingsprobleme op te los?**

Een deelnemer kan vyf **Shoebby Clear Shoe Boxes** wen. Met dié nuttige bokse hou jy jou kas netjies en beskerm jou skoene. Met een oogopslag sien jy al jou skoene en jy kan vinnig die regte paar vir die dag kies. Die spesiale luggate sorg dat jou skoene droog bly en rubberkussinkies sorg dat die bokse nie gly nie. Die bokse is groot genoeg vir 'n nommer 11-skoen. Vir meer inligting besoek **www.shoebbysa.co.za** Vir bestellings, stuur 'n e-pos aan order@shoebbysa.co.za